AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Registrasienommer: 1996/017629/06)
("die maatskappy")

ZXSWB - Verklaring van Finale en Spesiale Dividend
Agribel Beherend Beperk – aandeelkode ZXSWB
ISIN: ZAEZ00000026

VERKLARING VAN FINALE EN SPESIALE DIVIDEND

KENNIS WORD HIERMEE GEGEE dat, op 1 Julie 2021, die maatskappy 'n finale dividend, dividend nr. 41, van 23 sent per aandeel en 'n spesiale dividend, dividend nr. 42, van 19 sent per aandeel vir die finansiële periode geëindig 30 April 2021, verklaar het, onderhewig aan bekragtiging deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering wat op 26 Augustus 2021 plaasvind.

Belangrike datums vir aandeelhouers van gewone aandele:

	Datums: 2021
Laaste verhandelingsdatum (finaliseringsdatum)	Donderdag, 26 Augustus voor 08:00
Jaarlikse Algemene Vergadering	Donderdag, 26 Augustus om 11:00
Rekorddatum vir dividend	Donderdag, 26 Augustus
Betalingsdatum	Vrydag, 3 September

Dividendbelasting teen 'n koers van 20% van die bruto kontant dividend van 42 sent per aandeel sal teruggehou word, tensy 'n aandeelhouer vir vrystelling kwalifiseer. Na terughouding van die dividendbelasting, sal die netto kontant dividend 33,6 sent per aandeel beloop.

Aangesien die maatskappy op ZAR X genoteer is, sal die dividendbetaling deur STRATE Bpk op die betalingsdatum direk in die bankrekeninge van aandeelhouers, betaal word.

SKRIPDIVIDEND AANBOD

KENNIS WORD HIERMEE VERDER GEGEE dat die direksies besluit het om aandeelhouers die geleentheid te bied om gewone aandele in die Maatskappy te ontvang in plaas van die Kontantdividend ("Skripdividend").

Die aantal aandele in die Maatskappy ("Aandele") waarop 'n aandeelhouer geregtig sal wees, sal bepaal word met betrekking tot die verhouding wat 1c (een sent) kontantdividende dra tot die Skripdividendprys van R6 (ses rand) per Aandeel wat deur die Raad goedgekeur is.

Die reg op deelname aan die Skripdividend is beperk tot 50% van die reg op deelname aan die Kontantdividend en 'n Aandeelhouer mag net kies om ten volle deel te neem aan die Skripdividend en nie gedeeltelik nie.

Aandeelhouers wat nie op die Skripdividend-aanbod reageer nie, sal die Kontantdividende in die normale verloop ontvang.

Die verkorte finansiële state vir 30 April 2021 en 'n afskrif van die volledige Skripdividend Aankondiging is op die internet op www.senwes.co.za beskikbaar of kontak die maatskappysekretaris van Senwes Beperk by tel nr. 018 464 7104.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz
Maatskappysekretaris
Tel nr. 076 212 1776
Klerksdorp
1 Julie 2021

http://senwes.co/abresultate21